

**15 April**

**Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12**

**Fokusgedeelte: Romeine 14:6**

**In ons opregte diens aan God staan ons nie voor mense nie,  
maar voor Hom**

Verskille in siening en manier van doen in die diens aan die Here is deel van die huidige, moderne, kerklike gemeenskap. Dit is egter nie eie aan die tyd waarin ons leef nie, maar was ook reeds in die vroeë kerk van Rome aanwesig. Ter verduideliking: In hierdie kerk het lidmate van mekaar verskil oor aangeleenthede soos die eet of nie eet van sekere voedselsoorte en die hou of nie hou van sekere dae.

Die gevolg hiervan – sommige gelowiges staan 'n vegetariese lewenstyl voor terwyl ander alle voedselsoorte as eetbaar beskou, sommige staan die wettiese hou van die Sabbat voor, terwyl ander glo al die dae is gelyk (vs 5).

Wat nou? Vers 6 openbaar dat hierdie gelowiges in wat hulle doen of nie doen nie, nie in die eerste plek voor mense staan nie maar voor God. Daarom is dit nie vir die een groep om die ander groep te verag of te oordeel nie (vs 3 en 4), maar hulle moet mekaar aanneem (vs 1). Die woord "aanneem" het as onderbou die gedagte van om iemand 'n regmatige plek toe te ken. Die hantering van verskille in die kerk is dus om mekaar nie te verag of te oordeel nie, maar mekaar 'n regmatige plek as deel van die kerk van Christus toe te ken.

Die openbaring hier – moenie mekaar verag of oordeel wanneer daar verskille is nie, verskille gegrond op die werklikheid dat nie alle gelowiges ewe ver gevorder het in hulle geloof en hoe dit in gehoorsaamheid tot openbaring moet kom in hulle diens aan God nie.

Bogenoemde neem egter nie weg dat dit wat duidelik vanuit die Skrif as ongehoorsaamheid aan God uitgewys kan word, nie in die kerk geduld kan word nie.

*Sing: Psalm 133:1, 2*

*Ds HJP de Beer (Pretoria-Meintjieskop)*